# Die Geheime Wegraping – opsommend

**Is jy mislei?:**
Misleiding gebeur wanneer 'n konsep buite konteks gesien en lering daarop gebou word. Al die tekste wat gebruik word om die wegraping te probeer verduidelik verwys eintlik na Christus se weerkoms (een gebeurtenis). Jesus se waarskuwings aangaande die voleinding van die wêreld en misleiding: **Matt 24:3, 4, 5, 11, 24** *...Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld? En Jesus antwoord en sê vir hulle:* ***Pas op dat niemand julle mislei nie****. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! En hulle sal baie mense* ***mislei*** *(11) En baie valse profete sal opstaan en baie mense* ***mislei*** *(24) Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te* ***mislei****.*

**Die 70-week profesie (Dan 9)**
Het te doen met die koms en kruisiging van Jesus Christus, die Messia. Die wegrapingsleer wil die laaste week van hierdie profesie afsny en verskuif na 'n onbepaalde toekomstige tydperk van 7 jaar. Hiervolgens word Christene/die kerk weggeraap *vóór* die 7 jaar (m.a.w. Jesus kom *voor* die 7 jaar van verdrukking. *Hierna* verskyn die antichris en die 7 jaar van verdrukking begin. Die eerste 3.5 jaar = tydperk van verdrukking en die volgende 3.5 jaar = erge verdrukking.

**Is dit waar dat die Antichris eers verskyn as die Christene/kerk 'weggeraap' is. M.a.w. dat ons hom nie gaan sien of verdrukking gaan lei nie?**
Kyk veral na die opskrif van **II The 2:1-4** **Die wederkoms van Christus sal voorafgegaan word deur die openbaring van die Antichris**. *Maar ons vra julle, broeders,* ***met die oog op die wederkoms*** *van ons Here Jesus Christus en ons* ***vereniging met Hom****, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie... (3) Laat niemand julle op enige manier mislei nie* ***want eers*** *moet die afval kom en* ***die mens van sonde*** (antichris) *geopenbaar word, die seun van die verderf* (verwys ook na Dan 7 se beskrywing van die antichris), *die* ***teëstander*** *wat hom* ***verhef bo al wat God genoem word*** *of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en* ***voorgee dat hy God is****. (7) Want die* ***verborgenheid van die ongeregtigheid*** (antichris) *is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is.* **Hand 14:22** *Ons moet deur* ***baie verdrukkinge*** *in die koninkryk van God ingaan.* M.a.w. die antichris verskyn *VOOR* Jesus se koms en word VERNIETIG *met* Jesus se koms en net soos regdeur die geskiedenis die geval was, sal God se mense wel deur verdrukking moet gaan met die belofte dat God ons nooit sal verlaat nie.

**Is dit 'n geheime gebeurtenis?**
**I The 4:16-17** *Want die Here self sal van die hemel neerdaal* ***met 'n geroep****, met die stem van 'n aartsengel en met* ***geklank van die basuin*** *van God; en die wat* ***in Christus*** *gesterf het, sal* ***eerste opstaan****. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.* **II Pet 3:10-12** *Maar* ***die dag*** *van die Here* ***sal kom soos 'n dief in die nag*** *waarin die hemele* ***met gedruis*** *sal verbygaan en die* ***elemente sal brand*** *en vergaan en die aarde en die werke wat daarop is sal verbrand.* **Matt 25:13** Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie. Dit sê nie die Here se koms (wyse) sal kom soos 'n dief in die nag nie maar wel dat **die dag** - die tyd - onverwags en GEEN geheime gebeurtenis sal wees NIE. **I Kor 15:51-52** *Kyk ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal onstslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink by die* ***laaste basuin*** (wanneer Jesus kom); *want die basuin sal* ***weerklink*** *en die dode* (gelowiges) *sal onverganklik opgewek word en ons sal verander word.* Dis geen geheimsinnige gebeurtenis nie.

**Word die gelowiges eerste '*geneem*' = vernietig of word die ongelowiges eerste geneem = vernietig?**
**Matt 24:37** *En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed to hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal* ***weggevoer*** *het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.* Vergelyk die woord 'weggevoer' in vers 39 met **Luk 17:27** *..hulle het geëeet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal* ***vernietig*** *het.* Duidelik word die woord 'weggevoer' of 'taken' vereenselwig met vernietiging. Die wat geneem word, word vernietig. **Matt 24:39 & Luk 17:34-37** Dit is krities dat die oorspronklike vertaling volgends die KJV hier gebruik word m.b.t. tot die volgende woorde: ***'Taken'*** **(KJV)** is verkeerdelik vertaal in die Afrikaanse **'33** vertaling as '*aangeneem*' of '*saamgeneem*' **(NLV)** [wat **verkeerdelik 'n positiewe** konnotasie het]. ***'Left'*** **(KJV)** is ook verkeerd vertaal as 'verlaat' **(33)** en 'agtergelaat' **(NLV)**. *'taken'* in die Bybel word vereenselwig met **vernietiging!** *Op daardie dag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem/saamgeneem* ***(geneem/taken)*** *en die ander verlaat/agtergelaat* ***(gelaat/left)*** *word...(37) En hulle antwoord en sê vir Hom: Waar, Here? En Hy sê vir hulle:* ***Waar die liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom****.* Met ander woorde, hulle wat '***geneem***' is, gaan **dood** (want daar bly 'n liggaam oor) - hulle slaan onmiddellik dood neer met die heerlikheid van Jesus se verskyning - die **regverdiges** wat '***gelaat***' is, **bly lewendig oor**, word in 'n oogwink verander en word saam met Jesus opgeneem in die hemel. Daar is niemand oor om die liggame te begrawe nie, daarom die aasvoëls. **Jer 25:33** *En die wat deur die Here verslaan is, sal die dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde;*

*hulle sal **nie beklaag of versamel of begrawe word nie**; hulle sal **mis op die aarde wees**.*

Ter bevestiging, lees **Matt 13:24-30** en die verduideliking in verse 36-43 en 49-50 (24-29) Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; *maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En hy antwoord hulle: **'n Vyandige mens** het dit gedoen. Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymerkaarmaak?*

*Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.* (30) ***Laat altwee*** (gelowiges & ongelowiges, m.a.w. die gelowiges is NIE weggeraap) ***saam groei tot die oes toe**, en in die **oestyd** sal ek vir die **maaiers** sê: maak **eers** die **onkruid*** (ongelowiges) *bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die **koring*** (gelowiges) *bymekaar in my skuur.* (36-43)

*Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand. En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai is die **Seun** van die mens en die saailand is die wêreld. Die **goeie saad** – dit is die **kinders van die koninkryk** en die **onkruid** is die **kinders van die Bose** en die **vyand** wat dit gesaai het is die **duiwel**. Die **oes** is die **voleinding van die wêreld** en die **maaiers** is die **engele**.*

*Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die **struikelblokke** en die wat die **ongeregtigheid** doen. En sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. Dan sal die regverdiges skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader.* (49-50) *So sal dit dan wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die **slegte mense onder die regverdiges uit afskei en hulle in die vuuroond gooi**.*

Dit is dus duidelik dat Jesus se koms **ná die groot verdrukking** plaasvind, dat **die hel nog nie bestaan** nie en dat **gelowiges steeds op aarde** is tydens die plae. Gelowiges gaan dus **nie** die verdrukking 'vryspring' d.m.v. 'n geheime wegraping nie, maar God het belowe dat Hy ons nooit sal verlaat nie en ons sal beskerm volgens

**Matt 28:20** *En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die **voleinding van die wêreld**. Amen.*

**Openb 18:4** *'Gaan uit haar uit my volk,* (uit valse sisteme van aanbidding) *sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.*

**Openb 14:12-13** *Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat **die gebooie van God** en **die geloof in Jesus** bewaar* (twee bene - geloof in Jesus en die 10 gebooie) *..salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid en hulle werke volg met hulle.*

Jesus kom net nog een maal en dit is duidelik **na die verdrukking aan die einde van die tyd**. Dit is ook ons keuse of ons wil deel hê aan die plae deur ongehoorsaamheid aan God of nie.

**Openb 15:8** *..en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.*